Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

13 Februarie 2026 Uitgawe: 5/1/2026

# UIT DIE KANTOOR

Vandag is daar heerlik Valentynsdag gevier by Tjokkies. Baie dankie aan die leerderraad ouers wat die terrein so mooi versier het met ballonne, rooi en pienk hartjies asook die heerlike bederf vir die personeel. Februarie is gewoonlik die maand van liefde. Een van ons waardes by die skool is Omgee, en daar is geen beter manier om dit te uit te leef as om liefde uit te leef teenoor jou medemens nie.

**Ken-mekaar-braai**

Ouers moet asb. kennis neem dat die **ken-mekaar-braai** soos geskeduleer op die kalender verskuif na **Woensdag, 25 Februarie** as gevolg van verskeie botsings. Vure word voorsien en sal reeds om 17:30 aangesteek word. Die skool het genoeg stoele maar u is welkom om u eie kampeerstoele saam te bring.

**Swemgalas**

Die Interprimêre Swemgala vind op 17 en 18 Februarie plaas. Heelwat van ons leerders neem daar deel. Baie dankie aan **ILGI Africa** en ouers wat ons deelnemers met pragtige handdoek-jassies geborg het. Dit gaan beslis ons swemmers motiveer om NET HUL BESTE te gee.

Op 26 Februarie vind Tjokkies se Grondslagfase Mini-gala by Tjokkies plaas, met verskeie ander laerskole wat ook die dag saam met ons sal spandeer. Inligting t.o.v. hierdie dag is reeds aan die deelnemers versprei. Vir enige verdere navrae kontak gerus juf. Ilne Erasmus (Swemhoof).

**Atletiek**

Ons is tans in die atletiekseisoen. Baie geluk aan al ons atlete wat Donderdag by die Sone A byeenkoms deelgeneem het en puik presteer het. Eerskomende Saterdag vind die Fichardtpark Presige Byeenkoms plaas waar die topatlete van die Vrystaat ook deelneem. Baie sterkte aan al ons atlete wat die naweek deelneem.

**Pleegsorg**

Die Dept. van Onderwys doen van tyd tot tyd 'n opname van die getal leerders wat in pleegsorg is in 'n skool. Met die oog daarop, rig ons 'n versoek aan ouers wat kinders in pleegsorg by hulle het om 'n epos aan die kantoor te stuur (office@tjokkies.co.za) met die betrokke leerder/s se naam sodat ons kan kontroleer of ons lys in hierdie verband volledig is. Stuur asb. voor Vrydag, 20 Februarie 2026.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 13 Feb.: | o/13 Rugbytoernooi te Jacobsdal |
| | o/11 & o/13 Tennisuitspele (2de ronde) |
| | o/9 Rugbyproewe |
| 14 Feb.: | FHP Prestige Atletiekbyeenkoms |
| 16 Feb.: | o/9 Krieketliga |
| | Tennis daagwedstryde |
| 17 Feb.: | Interprimêre Swemgala |
| | o/11 Krieketliga |
| 18 Feb.: | Interprimêre Swemgala |
| 18-20 Feb.: | Boekuitstalling in skoolsaal |
| 19 Feb.: | o/13 Krieketliga |
| | o/12 & o/13 Hokkieproewe |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 13 Feb.: | Juf. Geraldine Strydom (Gr. 1) |
| 18 Feb.: | Juf. Monique v d Berg (KS Assistent) |

## MAMMAS WAT BID

Kies geloof bo vrees!

Iewers het ek gelees die gemiddelde mens maak 35 000 besluite ‘n dag...dis ‘n gemiddeld van 1500 besluite elke uur (dis nou as jy wakker is vir 24 uur).

Elke besluit (klein of groot) maak saak en het ‘n effek. Die belangrikste besluit wat ‘n mens kan maak, is om in Jesus te glo en Hom lief te hê met jou hele hart, siel en verstand (Matt. 22:37). Om in Jesus en Sy Woord te glo bly ‘n daaglikse keuse.

Ons word so baie met "reuse" en vrese en kommer gekonfronteer...
Kies ons vrees...of geloof in God?

I SAMUEL 17:37 AFR53
[37] Verder sê Dawid: Die Here wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn. Toe sê Saul vir Dawid: Gaan, en mag die Here met jou wees!

Dawid se geloof in God is gegrond in hoe God vorige kere getrou Dawid gehelp het...daarom kan Dawid sê: "Die Here het my gered....Hy sal my (weer) red..."

Mag jy kies om God te vertrou bo enige iets/iemand anders!! En onthou:

MATTHEUS 19:26 AFR53
[26] ...By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik.

## SNUFFELS





C & N Sekondêre
Meisieskool Oranje
OPEDAG
2026
27 FEB 2026
09:30-13:00
Registreer teen
20 Feb.
Volledige details:
www.bit.ly/opedag-2026
of skandeer die QR-kode